# Mosambiek skiet

REGERINGSTROEPE in Mosambiek het die naweek 35 regse rebelle in 'n geveg in die suide van die land doodgeskiet. Renamo-rebelle het ses burgerlikes doodgeskiet en 14 gewond toe hulle op die vlug moes slaan na die aanval op Chibuto.

Die aanval was net vyf uur na 'n aanval aan die buitewyke van Maputo waarin sewe mense dood is. Renamo voer die aanvalle uit om kos te buit want daar is glo 'n ernstige kostekort in sy boskampe. — Sapa-AP.

Die Transvaler 19 NOV 1991